### *Die gewete en die invloed van die engele*

**232** Dan voeg **Rafael**, wat natuurlik ook nie geslaap het nie, hom by die drie en sê vir Mathael: "Dink jy dan dat ons tallose engelegeeste, en ek hier in die besonder, die Meester alleen maar hier op hierdie heuwel ter dienste staan?

[2] Kyk, soos wat jy nou hier met jou eie oë kan sien, staan ons altyd klaar vir die eervolle diens van die Meester en ons dra Sy Wil van die een oneindigheid na die ander, en wees hiervan verseker dat ons jou in jou Pontus omgewing baie verseker sal vind en jou altyd van alles op hoogte sal bring wat jy volgens Elohim se orde noodsaaklik moet weet! Wat daar ookal mag gebeur, jy sal, as jy wil bly soos wat jy nou is, van alles wat vir jou nodig is, oombliklik in kennis gestel word, en meer sal jy voorlopig glad nie nodig hê nie.

[3] Sou jy as koning egter in die gebruiklike heersershoogmoed verval en jou op die wyse afwend van die Meester en dus ook van ons, dan sal jy natuurlik niks meer sien van die ryk van Elohim en Sy onmeetlike barmhartigheid nie!

[4] Sorg dus slegs daarvoor dat jy in die Barmhartigheid en volle Liefde van die Meester bly, - al die ander sal jou dan vanself ten deel val!

[5] As jy jou van alles wat die Meester in die vervolg op hierdie aarde persoonlik sal doen, self sou kon oortuig en as jy jou dan op een of ander wyse tog deur die wêreld laat verlei het, dan help alles wat jy gesien en gehoor het jou net soveel asof jy niks gesien en gehoor het nie! As jy egter altyd bly in die Barmhartigheid en Liefde van die Meester, deurdat jy jou nie laat verblind deur die wêreld nie, maar die Meester altyd bo alles sal liefhê en al jou naastes soos jouself, dan sal jy, ook al was jy in die vreemdste en verste wêreld, tog in alles ingewy word wat die Meester ook maar sal doen, - vir so ver dit vir die verlossing van jou siel vereis word. Want om werklik alles te weet wat die Meester in die hele oneindigheid wil en voorskryf, is glad nie noodsaaklik vir die verlossing van jou siel nie!

[6] Kyk, die Meester skryf vir elk van die tallose wêrelde altyd iets voor wat daar moet gebeur, maar dit het alleen nut vir die wêreld waarvoor dit voorgeskryf is, en dit is gladnie vir die verlossing van jou siel geskik nie! Ook moet die Meester vir die voortbestaan van hierdie aarde baie reël wat jou óók niks aangaan nie. Maar van wat Hy vir die sieleheil van die mense sal voorskryf, sal niks van jou weerhou word nie! - Is jy daarmee tevrede of nie?"

7] **Mathael** sê; "Verhewe vriend uit die hemele van Elohim! Ek is daarmee volkome tevrede en het alleen nog nodig dat ek deur jou vermaan word sodra ek, deur watter omstandighede dan ookal, van die Meester en Sy orde ook maar die geringste sou afwyk! Want `n opstopper op die regte oomblik is meer werd as `n wêreld vol groot skatte!"

[8] **Rafael** sê: "Dit sou ook sonder jou wens altyd gebeur. Want sien, elke mens het `n geestelike orgaan in sy hart wat altyd oop staan vir ons engele van Elohim en waar ons ongehinderd toegang het! Die orgaan kom altyd op vir die eenvoudige begrippe soos: goed - sleg, waar - onwaar, reg – onreg ensovoorts.

[9] As jy altyd die goeie, ware en regte doen, dan word die ooreenstemmende en goeie deel van die orgaan deur ons aangeraak en in jou ontstaan daardeur die genotvolle gevoel dat jy goed en reg gehandel en gepraat het.

[10] As jy egter op een of ander wyse nie goed gehandel en gepraat het nie, word die teenoorgestelde deel van die orgaan deur ons geprikkel en `n angstige gevoel sal oor jou kom en jou sê dat jy buite die goddelike orde gegaan het. En die orgaan heet in die taal van die morele baie fynsinnige, die gewete.

[11] Jy kan jou volkome op die stem verlaat, sy sal jou nooit as te nimmer bedrieg nie! Dit is alleen maar moontlik as iemand die orgaan so sou laat afstomp dat sy uiteindelik, omdat sy te stoflik geword het, ons aanraking gladnie meer sou waarneem nie, maar dan sou die geestelike deel van die mens sonder meer so goed as heeltemal verlore wees! Maar dit sal by jou seker nooit die geval wees nie, omdat jy in die Barmhartigheid en Liefde van die Meester al `n té groot voorsprong behaal het en die Meester jou tesame met jou gesellin heeltemal nuut gevorm en voorberei het. Jou siel is wel nog die oue, waarin die Liefde van die Meester as Sy Gees baie kragtig gaan heers, maar jou ou slegte vlees is deur die Meester verander, sodat dit jou siel nie sal belas nie.

[12] As jy in jou hart slegs die vaste wil sou hê om die Meester los te laat, sal jou liggaam wild word soos eens by Esau, wat, teen die wil van sy vader, aan die jag op wilde diere meer plesier beleef as om te waak oor die stomme kuddes van sy vader. Maar by jou is so `n verwildering onmoontlik, omdat jou siel reeds te kragtig is en deur en deur deurdronge is van die gees van die liefde tot die Meester.

[13] Binnekort sal, deur die beoefening van die naasteliefde, jou liefde tot die Meester `n kragtige, wesenlike vorm aanneem en dan heeltemal één word met die siel. Dan sal jy in die Gees en in die Waarheid wedergebore wees en die geestelike huwelik aangaan met die Oerliefde in Elohim en daardeur ook één met Haar word.

[14] Daardeur sal Elohim se Liefde ten opsigte van jou ook eers werklikheid word en vorm kry, en jy sal Elohim dan altyd kan sien en spreek, en die Meester sal, soos nou hier liggaamlik vir jou sigbaar en in jou hart hoorbaar is, jou Leraar en Leidsman wees en vir ewig bly. Én dan sal daar bykans geen moontlikheid meer wees om jou in jou hart en jou insig van die Meester af te wend nie, want dan sal jy in die wil en kennis as `n egte en ware seun van die ewige Vader heeltemal één met Hom wees. - Verstaan jy dit?"

[15] **Mathael** sê: "Ja, ek verstaan dit goed en ek is nou heeltemal in alles gerusgestel!"

*Die meteoriet*

**233** Mathael wou juis nog iets sê, toe daar baie laag `n groot, vurige meteoriet oorvlieg en deur sy snelheid `n eienaardige, goed hoorbare, suisende geluid in die lug maak; want hy bevind hom op `n hoogte van slegs agthonderd klafter* bo die aardbodem. Agter die meteoriet was `n lang stert sigbaar, wat skynbaar die vliëende meteoriet gevolg het. Al drie skrik vir die verskynsel en vra haastig aan die engel wat dit tog kon wees. *(*Lengtemaat: Een klafter is algemeen beskou as 1.9 meter.*

[2] Maar in plaas van om die drie onmiddellik `n antwoord en `n verklaring te gee, skiet die engel die meteoriet agterna en bring hom in `n oogwink na die drie toe terug, `n ietwat growwe bal van twee en `n halwe klafter deursnee. Hy sit hom ietwat eenkant en sê toe vir die drie: "Wel, kom hier en bekyk die verskynsel rustig, niemand van julle sal daarby `n haar gekrenk of geskroei word nie!"

[3] Die drie staan op en nader die nog altyd helder gloeiende meteoriet baie aarselend. Vlakby ruik hulle `n sterk swawelgeur, en die hele, groot brok lyk van naderby presies soos puimsteen en uit die groter porieë skiet blouwit vlamme te voorskyn en veroorsaak `n vreemde sissende en sagte fluitende en pruttelende geluid. Baie vlammetjies is nog baie warm, maar baie vlamme is egter ook al uitgeblus.

[4] Nou vra **Mathael** eers weer aan die engel: "Wel, wat is dit nou vir `n ding, hoe en waar het dit ontstaan? Dit skyn `n taamlike vaste massa te wees en moet vir ons mensekrag `n groot gewig hê. Beste hemelse vriend, lê eers vir ons uit wat dit is!"

[5] **Die engel** sê: "Hierdie klomp (klont) was `n halfuur gelede nog `n deel van die son. Deur `n groot vuurkrater, waarin dit geweldig tekere gaan, is hy saam met baie ander brokke, met `n onverstaanbare groot geweld na buite geslinger in die groot wêreldruim in. Deur toeval word hierdie klomp in die rigting van die aarde gestuur. Vinniger as `n bliksem vlieg hy deur die eter en bereik reeds bo die wêrelddeel agter Europa die atmosfeer van hierdie aarde, wat hy eers aan die boonste sye slegs liggies aanraak. Toe hy in die volgende oomblik egter dieper sink en deur die altyd digter atmosfeer van hierdie aarde baie weerstand ondervind, verminder sy snelheid sterk en toe hy in hierdie omgewing kom, vlieg hy in vier oomblikke slegs twintig uur deurgaans. Toe ek hom inhaal was hy Asië tog al byna verby en sou binne tien oomblikke in die groot aardse see geval het. Die Meester wou egter dat julle ook in dié opsig voorligting kry, en nie bly glo dat daar `n bose gees oor die aarde vlieg om daaraan en aan die mense skade te berokken nie. Nou het julle die bose gees voor julle en kan julle daarvan leer dat dit `n baie gewone verskynsel is tussen die groot hemelliggame."

[6] **Murel** sê: "Maar hoe is dit dan dat hy in die lug so `n helder lig gegee het, maar hier nou altyd minder lig uitstraal?"

[7] **Rafael** antwoord: "Die sterk liguitstraling word veroorsaak deur die buitengewone vinnige vlug deur die lug. Daar ontstaan `n baie groot wrywing met die lugdeeltjies, waarteen hy hard aandruk omdat hulle hom nie vinnig genoeg kan ontwyk nie. Op hierdie hoogte ontbrand die lug egter soos hulle te veel saamgepers word of te veel druk ondervind en omdat die lug in die hele baan van so `n meteoriet altyd ontbrand op die plek waar so `n meteoriet hom in sy baan bevind, altyd soos lig van `n bliksem, en omdat `n lugleegte agter die voortvlieëende meteoriet met so `n hoë snelheid ontstaan, waarvan die wande nog sterk deur die vuur aangetas is, sien `n mens agter die meteoriet ook altyd `n stert, waarvan die fel gloeiende gedeelte afneem en dit op sigself maar net `n verskynsel en geen werklikheid meer is nie.

[8] Voel maar eers aan hierdie massa hoe gloeiend hittig dit nog is en dan sal dit julle wel heeltemal oortuig van wat ek julle nou hieroor vertel het! Langs `n heeltemal natuurlike weg kan ek julle nóg `n bewys lewer, want ek kan naamlik `n eksperiment uitvoer, waarby ek `n klip neem wat hier lê, dit met bliksemsnelheid deur die lug slinger en na enige oomblikke weer hiernatoe laat bring deur geeste wat my dien. Dan kan julle jul daarvan oortuig dat hierdie klip, met `n gewig van slegs `n paar pond, straks net so sterk sal gloei as wat hierdie meteoriet so onlangs gegloei het."

[9] Toe slinger Rafael die klip met ontsettende krag die lug in en die diensbare geeste jaag die klip gedurende die volgende paar oomblikke vinniger as `n bliksem op `n hoogte van enige klafters in kringe deur die lug. Buiten die feit dat die klip `n sterk suisende geraas veroorsaak het, gee hy soveel lig dat die hele wye omtrek soos op `n klaarligte dag verlig word en die drie eintlik alleen maar één stralende, ligtende kring voor hulle sien omdat die spoed van die klip te vinnig was om deur `n menslike oog waargeneem kan word.

[10] Na enige oomblikke word die klip weer deur die diensbare geeste, terwyl hy nog rooigloeiend was, baie rustig voor die drie verbaasde toeskouers op die grond gelê en Rafael sê: "Hier lê nou net `n vinnige en eenvoudig uitgevoerde eksperiment vóór julle. Sien julle `n verskil tussen hierdie kunsmatige en die op natuurlike wyse ontstane meteoriet?"

[11] **Mathael** sê: "Nee, dit lyk presies dieselfde, net die grootte is natuurlik verskillend! Maar daar kom nou tog nog `n vraag by my op en wel die volgende: "Vir jou is dit sonder moeite moontlik om so `n klip met ongelooflike vaardigheid en krag sodanig weg te slinger dat die lug deur die ontsettende snelheid van die gewerpte klip deur die druk ontbrand en die klip self skielik meer as gloeiend word. Jy het ons al so baie voorbeelde van jou onbeskryflike vaardigheid en krag gegee dat ons aanneem dat dit nie baie moeite vir jou is nie. Bowendien is jy één van die magtigste engelegeeste, wat met hele hemelliggame soos met haselneute sou kan speel en `n son selfs in `n oogwink so diep in die eindelose skeppingsruimte sou kon slinger dat `n bliksem honderdduisend maal honderdduisend jaar nodig sou hê om haar te bereik! Vir so `n eksperiment het Elohim jou vir ons natuurlik nog baie onverstaanbare krag en mag verleen. Maar hoe kan die son, wat tog `n trae natuurliggaam is, so `n krag uit homself ontwikkel?"